

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOIEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

8.2

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Oos-Londen

Titel van Projek: Vroue verrykingsnaweek

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Tania Bezuidenhout
Posadres:	21 Tiddy cres Baysville Oos-Londen
E-pos:	tanablom02@gmail.com
Faks:	
Tel. (k):	
Tel (h):	
Selfoon:	0833162337

T Bezuidenhout


Handtekening Projekvoorsteller

29 September 2025

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) Berenice Esterhuyzen, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van Oos-Londen, dat hierdie projek op 30 September 2025 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	30 September 2025
---	-------------------

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die doel van die naweek is om vroue die geleentheid te gee om weg van die alledaagse besige lewe te kom en innerlike rus te vind. In die rustige eiland-omgewing kry elke vrou kans om geestelik te groei en haar verhouding met God te verdiep. Die naweek skep 'n veilige ruimte waar vroue mekaar kan bemoedig, ervarings kan deel en versterk kan terugkeer na hul daaglike lewe en geestelik verryk.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Hierdie jaar het vroue sover as Kaapstad, Riebeek-wes, Somerset-Oos, Mthata, Aliwal-Noord, Barkley-Oos, Port Elizabeth, Uitenhage, Sutterheim, Jeffreysbaai en Oos-Londen gekom. Ons doen die retreat al die afgelope 17 jaar en elke jaar kry ons net positiewe terugvoer. Die meeste dames bespreek alreeds vir die volgende jaar wanneer hulle groet na die afloop van die naweek. Gemeentes in die Oos-Kaap is dus die teikengroep en vroue kan teruggaan na hul gemeentes met 'n nuwe toewyding en passie vir die bediening en God. Vroue het ook al kleingroepe in hul gemeentes begin na aanleiding van die geestelike verryking wat hul op die kamp ervaar het.

Dit is ook verblywend om te sien dat daar jaarliks meer van die jonger dames die retreat begin bywoon. Ons ouderdomme wissel nou van 22 tot 83. Dis ongelooflik hoe almal bymekaar aanpas en bymekaar leer.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Beplanning	8 mnde (September 2025-April 2025)
Bespreking van Gasspreker	September 2025
Bespreking van Kampterrein	September 2025
Voorbereiding van hulpbronne en program	Feb 2026
Advertensies en beprekings	Nov 2025 Save the date Jan 2026

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Tania Bezuidenhout	NG Oos-Londen
Marihete Muller	NG Oos-Londen
Ria Nel	NG Oos-Londen
Simone Minnaar	NG Oos-Londen
Marguerite Sieberhagen	NG Oos-Londen

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Klanktoerusting – verskaf deur NG Oos-Londen	1
Stoele en tafels - kampterrein	60
Eetgerei – kampterrein verskaf	60

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Bydrae van NG Oos-Londen (Fondsinsameling)	R 6 000
Elke vrou wat die kamp meemaak (ongeveer 65) R1 900 pp	R 123 500
Sponsors	R 5 900
TOTAAL:	R 135 400

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste Spreker	R 4 500
• Verblyfkoste (Spreker)	R 2 000
• Rekenaaruitgawes geen	
• Skryfbehoeftes	R 2 500
• Drukwerk [eie printer aangekoop 2024] ink en papier	R 2 000
• Telefoon [data]	R 400
• Posgeld Geen wel Courier kostes	R 300
• Verversings Nie kampgelde ingesluit	R 2 200
• ANDER (spesifiseer asb):	
Spreker	R15 000
Kostes per persoon vir kampterrein (65 @ R1 900)	R 123 500
Subsidie van sommige dames en ekstras	R 13 000
TOTAAL:	R 165 400

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R 165 400
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R135 400
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R 30 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Maart 2026 Bespreking van vliegtuigkaartjies	R4 500
Deposito van kampterrein (April 2026)	R50 000
Betaling van Spreker (Januarie 2026) deposito	R 10 000
Betaling van Spreker (Mei 2026) balans	R15 000
Balans van kampterrein Mei 2026	R73 500
Ander betalings soos nodig	

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Hierdie projek maak 'n groot verskil in baie dames se lewens. Elke jaar bring dames nuwe vriendinne na die kamp agv die feit dat hierdie kamp so groot verskil gemaak het in hulle lewe. Ons kry ook jaarliks meer jongerdames wat dit begin bywoon wat ons baie opgewonde maak. Ons kan net die Here dank vir die projek en die verskil wat dit maak en die seën wat ons mildelik ontvang. Dit laat ons met ongelooflike dankbaarheid.

Die projekte wat ook uit hierdie retreat voortspruit is so verblydend. In 2023 het ons met 'n projek begin en hulle het gevra dat ons voortgaan met hierdie projek. Die Frere Bear projek, die dames bring nou elke jaar sagte speelgoed vir die projek saam en op so 'n wyse is hulle dan ook betrokke om ons gemeenskappe te bedien. So leef hulle dan ook hulle dankbaarheid uit met die seën wat hulle in hulle lewens ontvang, om vreugde in ander se lewens te bring. Ons het in 2025 met 'n serpe projek begin vir Graad R leerders. Hierdie jaar het ons dit aan Hoërskool Wesbank se graad R leerders geskenk. Vir 2026 beplan ons om kombesies vir die skool te skenk, om te gebruik as die leerders rus in die middag en serpe vir Aqua Vista Primary se graad R leerders.

Ons wil net weereens ons dank aan die Sinode oordrae vir al die jare se hulp sodat ons die projek kan aanpak, en dat ons dit bekostigbaar vir die dames kan aanbied. Dat ons selfs dames finansiële kan help met gedeeltelike of volledige borgskappe.

Ons bid julle ook seën toe vir al die projekte wat julle aanpak.

Weereens baie dankie vir elke jaar se ondersteuning van hierdie projek.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf